# DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS

## Nuusbrief 9 (Maart 2017)

Die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds is binne die iRetire Pensioenfonds gestruktureer om aan amptenare van die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk) 'n geleentheid te bied om voorsiening vir aftrede te maak. Die iRetire Pensioenfonds is 'n sambreelfonds waarbinne vele ander werkgewers soortgelyke strategieë implementeer.

## OORSIGTELIK


Die bestuurstrukture van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds sluit drie onafhanklike liggame in, naamlik:


Die Administrateur (iRetire) – verantwoordelik om die statutêre struktuur van die Fonds daar te stel en te bestuur en tegelyk 'n administrasiediens te lewer wat lederekeninge in stand hou, rekordhouding van inligting- en kontantvloei fasiliteer en deursigtige bestuursinligting oor die hele strategie verskaf;


Finansiële adviseurs (Multi Professionele Dienste) – verantwoordelik om lede van die Fonds te bedien met objektiewe finansiële advies tydens loopbane en met aftrede/uittrede;


Waaksaamheidskomitee – 'n Komitee wat bestaan uit bestuur en werknemers van die Afrikaanse Protestantse Kerk, met die verantwoordelikheid om toesig te hou oor die aktiwiteite van die Fonds.

## UIT DIE PEN VAN DIE ADMINISTRATEUR









Die administrateur het onlangs 'n selfoon applikasie (Sogenaamd ''APP'') aan lede beskikbaar gemaak. Indien u 'n slimfoon besit, kan u die applikasie aflaai vanaf die internet. Die apllikasie is beskikbaar op twee selfoon platforms. Die volgende is van toepassing:

<u>i-phone gebruikers</u>: Gaan na die selfoon se App Store en laai die iRetire APP af;

<u>Ander fone</u>: Gaan na die Google Play Store en laai die iRetire APP af

Indien U die APP afgelaai het kan u met u normale iRetire gebruikernaam en geheime kode toegang na u eie rekening op die iRetire stelsel kry. Die diagram hieronder dui die applikasie se uitleg en inhoud aan en die volgende is van toepassing:

- ''Personal Information'' dui u inligting aan soos dit op die iRetire databasis verskyn ;
- ''Membership card'' is 'n persoonlike identifiserings kaart wat gebruik kan word om u lidmaatskap aan die fonds te bevestig;

- ''Beneficiaries'' dui u afhanklikes aan wat u genomineer het om u Fonds voordele te ontvang indien u sou sterf. Dit mag wees dat u afhankilkes genomineer het en geen afhankilkes word op u app databasis aangedui nie. Hierdie data word nog op iRetire se nuwe stelsel opgedateer en sal in die afsienbare toekoms sigbaar raak.
- ''Investments and Risk Benefits'' dui die daagliks opgedateerde waarde van u beleggings portefeulje aan asook die vlak van lewens- en ongeskiktheids versekerings dekking wat u tans as lid van die Fonds geniet;
- ''Mind the Gap'' is funksionaliteit wat u kan gebruik om te bepaal of u opgelope kapitaal voldoende is om u salaris ten volle of gedeeltelik te vervang by aftrede.

Hieronder op die skerm ''retirement calculator'' sal die applikasie u huidige gegewens op die Fonds se databasis self populeer. U kan dan wysigings maak deur byvoorbeeld u aftree ouderdom aan te suiwer-, u kapitaal met ander persoonlike beleggings aan te vul-, die persentasie van u salaris wat u beplan om as maandelikse pensioen te onttrek uit u kapitaal aan te suiwer-, ens. Indien u dan ''Calculate'' kies, sal die applikasie vir u die resultate bereken en aandui tot watter mate u u aftree doelwit sal bereik. Indien u nie voldoende kaptaal gaan akkumuleer om u aftree doelwit te bereik nie, sal die applikasie aandui watter stappe u kan neem om u doelwit oor tyd te kan bereik, bv deur addisionele bydraes te maak-, later af te tree-, u verwagtinge aan te pas.

Hierdie oefening moet jaarliks herhaal word om telkens u spaar gedrag aan te suiwer om doelwit bereiking te verseker. Die rede vir die jaarlikse herhaling is as gevolg van die dinamiese aard van die verskillende komponente wat in u aftree projek ter sprake kom.









## UIT DIE PEN VAN DIE FINANSIËLE ADVISEUR

**WENKE VIR PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR**.
(Uitgegee deur Maroela Media)

Wanneer laas het verbruikers 'n nuwe jaar ingegaan met goeie finansiële nuus? Die nuwe jaar word gewoonlik gekenmerk deur inflasie. Almal kry mooi briefies in die pos met die verduideliking dat dit onafwendbaar is om die prys van dienste en artikels te verhoog. In sommige gevalle is die styging met onaangename dubbelsyfers.

Inflasie is 'n alledaagse ding soos tande borsel. Dít maak dat verbruikers soveel te meer versigtig moet besluit waarop hulle geld spandeer en waarin hulle beleggings maak. Goeie besluitneming is van kardinale belang.

**1. Neem verantwoordelikheid vir die beheer van jou finansies**

Enige huishouding is in der waarheid 'n klein besigheid met inkomste en uitgawes. 'n Tekort beteken jy gee meer uit as wat jy inkry, en 'n oorskot beteken jy spandeer minder as wat jy inkry en het jy spaargeld om 'n belegging te maak. Indien jy nie weet wat in jou klein besigheid se geldsake aangaan nie, wag daar 'n paar onaangename verrassings.

**2. Kry 'n begroting**

Dit is waar meeste mense kleitrap met hul finansies. Hul weet gewoonlik wat die inkomste is, maar hou nie boek van die uitgawes nie, en het ook geen beheer oor die uitgawes nie. Dit is die enkele belangrikste stukkie gereedskap wat in enige huishouding se finansiële gereedskapkas moet wees. Die begroting, as dit eers gedoen is, gee ook antwoorde oor ander finansiële sake wat aandag nodig het.

**3. Spandeer geld aan goeie advies**

Daar staan telkemale in die boek Spreuke dat mens nie kan oorlog maak sonder beraadslaging nie. Dit beteken dat mens iemand moet raadpleeg en 'n plan hê waarvolgens gehandel moet word. Dit geld ook vir jou finansies en veral vir beleggings. Pasop vir beloftes van groot opbrengste en goed wat te goed klink om waar te wees. Kry advies en opinies op meer as een plek, die resultaat verbaas jou dalk, en kan baie geld en verdriet spaar.

**4. Stel doelwitte**

As jy eers jou begroting in plek het en goeie advies ingewin het, sal dit baie makliker wees om finansiële doelwitte te stel.

Sonder dat mense dit weet, streef almal daarna om finansieel onafhanklik te wees. Finansiële onafhanklikheid beteken dat jou opbrengs op jou spaargeld ten volle vir jou maandelikse uitgawes kan betaal. Sou jy dus aan

die einde van die maand nie 'n salaristjek ontvang nie, sal jy vir jouself kan sorg. Dit gaan egter nie gebeur sonder 'n weldeurdagte plan nie.

Koppel teikendatums aan jou doelwitte, breek dit op in interim doelwitte, en koppel take aan elke interim doelwit. Die take moet afsnytye hê om seker te maak jou planne verdwyn nie in die wind nie.

**5. Pasop vir verkeerde skuld**

Om skuld te maak om maand tot maand te lewe, is 'n stadige selfmoord van jou beursie. Daag jouself uit om net een kredietkaart uit jou beursie te laat verdwyn, en jy sal verbaas wees oor die resultaat. C J Langehoven het gesê: "Die kontantbetaler is baas van sy eie sak".

**6. Bly by 'n goeie beleggingsplan**

As jy tot dusver jou huiswerk goed gedoen het, en die plan werk, moet nie paniekerig raak nie. Die meeste beleggers trap klei deur 180 grade omkeer te maak as die bloed in die strate loop. Pas eerder dieselfde plan toe, maar wees meer konserwatief.

'n Goeie voorbeeld is dalk om dieselfde belegging in plek te hou, maar van blootstelling in aandele minder te maak wat jou risiko beperk.

**7. Wees ingelig**

Doen moeite om uit te vind wat om jou aangaan, al beteken dit dat jy net 10 bladsye per dag van iets lees. Jannie Mouton van die PSG groep het eenkeer in 'n artikel die opmerking gemaak dat "as jy kan lees, en jy lees nie, het jy geen voordeel bo die persoon wat nie kan lees nie".

Het jy al ooit gewonder wie besit Skip, Omo en Surf wat ons elke week in ons wasmasjiene gooi? Doen ook moeite om te weet waarheen jou geld gaan. Die inligting is beskikbaar.

**8. Maak seker wat jou groot risiko's is, en hoe dit in syfers lyk**

**8.1 Mediese uitgawes. M**ens kan nog 'n plan maak met 'n R5 000 of R6 000 rekening, maar moenie met die broek op die knië gevang word as dit by groot hospitaalrekeninge kom nie.

**8.2 Skade aan duur bates.** Maak seker jy is gedek teen groot verliese. Dek jou huis en motor as eerste prioriteit.

**8.3 Jou grootste bate in die lewe is jou vermoë om inkomste te genereer.** Het jy dit vereker?

**9. Aftree en doodgaan is 'n gegewe**

Die somme om seker te maak dat die twee gebeurtenisse versorg is, is nie eenvoudig nie. Kry advies en maak seker jy word nie te laat wakker nie.

**10. Kry 'n testament**

Om intestaat te sterf is 'n nagmerrie. Die beste geld wat jy in jou lewe kan spandeer is aan 'n testament wat korrek opgestel is. Jou testament maak ook seker dat daar na dood met jou bates gehandel word soos jy dit self gedoen het. Stoor jou testament en enige ander dokumente op 'n veilige plek. Maak genoeg afskrifte van alles, dit sluit in gesertifiseerde kopië van Id's ensovoorts. Maak seker iemand wat jy vertrou hou 'n kopie. Slegs oorspronklike testamente word deur die Meester aanvaar en dit kan raadsaam wees om meer as een oorspronklike testament op verskillende plekke te stoor.


**11. Skei jou emosies van jou finansies**


Finansiële beplanning en bestuur gaan oor syfers en feite. As jy jou deur emosies laat lei gaan die syfers gekook moet word. As dit wat in jou begroting staan nie met jou bankstate klop nie, moet jy weet die emosies loop nog te hoog, en jy is moontlik nie 100% eerlik met jouself nie. Spaar op die dinge waarvoor jy altyd geld het.

## BELEGGINGSOORSIG

**Beleggings oorsig:**

*Let wel: Die informasie is van die iRetire beleggings platform, en alle opbrengs is NA ALLE beleggings bestuurs fooie. Soos die historiese informasie opbou, sal dit bygevoeg word by die raportering.*






## BELEGGINGS KOMITEE NUUS

**1. Aktiewe teenoor passiewe beleggings bestuur:**

Die beleggings komitee is van mening dat wanneer daar 'n tydperk van konstante positiewe markgroei voorkom, uit presteer passiewe strategieë gewoonlik die aktiewe strategieë, en so ook die teenoorgestelde wanneer daar 'n wisselvallige en /of negatiewe groei tydperk voorkom, uit presteer die aktiewe strategieë gewoonlik. Daar is dus voordele en nadele aan beide strategieë.

Die grootste drywer vir langtermyn groei bly natuurlik die bestuur van bate allokasie, en nie noodwendig die keuse tussen aktiewe en passiewe strategieë nie.

**2. Beleggings komitee se proses om bate bestuurders te resenseer:**

In die keuse van 'n beleggings bestuurder plaas die komitee klem op die intellektuele kapasiteit, die kwaliteit van besluitnemings- en risiko bestuurs prosesse tesame met die prestasie geskiedenis van die beleggings bestuurder.

Wanneer ‘n beleggings bestuurder onder presteer oor die korttermyn (1-3 jaar), word ondersoek ingestel daarna of die bestuurder getrou was aan sy dissipline en of daar moontlik ‘n verlies aan sleutel personeel was. Indien die rede vir onder prestasie was as gevolg van redelike bate allokasie besluite, gegrond op geldige aannames wat nie gerealiseer het soos in die besluit vooruitgesien is nie, soos byvoorbeeld Brexit, is dit aanvaarbaar, op voorwaarde dat die beleggings bestuurder die komitee gerus moet stel van sy vermoë om ‘n positiewe uitkoms te kan bereik.

**3. Ekonomiese omgewing:**

| Land | Hoof Indeks | 3 Maande | 6 Maande | 1 Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Brittanje** | FTSE 100 | 5.2% | -2.7% | -12.3% |
| **Amerika** | Dow Jones | 9.5% | 4.8% | 2.3% |
| **Japan** | Nikkei 225 | 2.0% | 1.7% | -0.9% |
| **Sjina** | SSE | 0.3% | -0.2% | -6.4% |
| **Duitsland** | DAX | 6.6% | 4.9% | -3.0% |
| **Suid Afrika** | JSE All Share | 4.3% | 0.0% | 7.4% |

*Data word verkry van Morningstar Direct
*Data is prys opbrengs

**Ekonomiese Data**

| | VSA | EU | Brittanje | Sjina | Japan | Suid-Afrika |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Rentekoers | 0.75% | 0.00% | 0.25% | 0.00% | 0.00% | 7.00% |
| Aankoopbestuurders indeks | 55.00 | 55.90 | 0.00 | 52.70 | 0.00 | 50.90 |
| Verbruiker Sentiment | verhoog | verhoog | - | verhoog | - | - |
| Groei | 1.90% | 0.50% | 0.60% | 6.80% | 1.00% | 0.40% |
| Inflasie | 2.10% | 1.80% | 1.60% | 2.50% | 0.30% | 6.60% |
| Werkloosheid | 4.80% | 9.60% | 4.80% | 4.02% | 3.10% | 27.10% |

Groei in die VSA is reeds op ‘n postiewe tendens, met ‘n verwagte groei van 2.5% in die 2017 kalender jaar. Die nuwe span in die Withuis veroorsaak positiewe groei in die markte daar, deur hulle beloftes van belasting herstrukturering en infrastruktuur spandering. Huidiglik is die markte op historiese hoogtes.

Die risiko is egter in die vermoë van die Trump administrasie om uitvoering te gee aan hulle beloftes, saamgelees met die onsekerheid wat betref beleid en die invloed wat hierdie beleid kan hê op die wêreld orde, hoofsaaklik vanuit ‘n handels perspektief. Sjina is goed geposisioneer om munt te slaan uit die verhoudinge wat deur die Trump administrasie beskadig mag word.

Daar is minimale beweging in die Europese gebied, met potensiële verrassings op die politieke front, wat aangehits word deur die groei in populisme in die VSA en Brittanje. Daar is nog onsekerheid oor wat die uitkoms van “Brexit” gaan wees, veral wat betref die impak op die wêreld ekonomie. Die VSA

is gereed om te kapitaliseer wat handel betref, op die beskadigde UK/EU verhouding.

As gevolg van die wêreld groei verwagtinge het aanvraag vir kommoditeite gegroei en gelei tot hoër pryse (Steenkool 30%, Lood 16%, Yster erts 100% en ander kommoditeite ongeveer 8%). Hierdie groei in pryse het die Suid Afrikaanse aandele mark positief beinvloed. Indien die beloftes in die VSA egter nie bewaarheid word nie, kan hierdie tendens omgeswaai word, veral gesien in die lig daarvan dat die historiese drywer vir vraag na kommoditeite (Sjina) in proses is om sy ekonomie te verander na ‘n dienslewerings ekonomie, wat nie afhankilk is van kommoditeit invoere nie.

In Suid-Afrika se geval is dit meestal ‘n politieke storie, gepaard met Rand versterking (jaar-op-jaar 16% tot einde 31 Januarie 2017), met die grootste uitdaging steeds die werkloosheidkoers. Die einde van die droogte kan tot 1% bydra tot ekonomiese groei vir die jaar vanaf ‘n lae basis (0.4%) en tesame met matige positiewe uitkyk op vervaardiging kan ons groei verwag van ongeveer 1.5% tot 2% in 2017.

Bate allokasie op bate klas vlak sowel as industrie vlak gaan krities wees vir die groei van die portefeuljes.

**4. Huidige opbrengs op fondse:**

Die Sasfin fondse onderpresteer oor die korttermyn van 1 jaar, die hoof rede hiervoor, buiten die lae blootstelling in die kommoditeit sektor, is die blootstelling wat hul gehad het in die volgende 3 aandele:

- Capital & Counties (beinvloed deur Brexit)
- INTU (beinvloed deur Brexit)
- Mediclinic (beinvloed deur nuwe internasionale wetgewing)

**5. Saamgestelde en Fondse vergelyking:**

iRetire se beleggings komitee het ‘n saamgestelde indeks opgestel wat dien as maatstaf vir die verskillende groei strategieë. Dit bied ‘n holistiese beeld van al die strategieë teenoor ‘n baie kompeterende maatstaf.

Al die strategiee op die platform word in die konteks van hierdie saamgestelde indekse beoordeel. Items wat spesifiek gemeet word, is:

- Bate allokasie
- Prestasie
- Wisselvalligheid

## ALGEMENE INLIGTING

| | |
|---|---|
| **Finansiële Adviseur:** Multi Professionele Dienste BK.<br>CK 1984 / 023935 / 23; FSP Nommer 12848<br>Geregistreerde Finansiële Dienste Verskaffer<br>Chris Stander / Anneli Snyman;<br>Tel.: 012 807 0065; Wapadrand Kantoorpark Blok 10, Kingbolt Singel, Wapadrand. | **iRetire Pensioenfonds**<br>(Registrasie No. 12 / 8 / 37716)<br>Hoof beampte: CJ de Jager;<br>Tel.: 012 941 2297<br>Castle Walk Corporate Office Park<br>H/v: Swakop- en Nossob Strate, Erasmusrand, Pretoria |
| **Waaksaamheidkomitee:** Leon Korkie; Posbus 25139; Monumentpark; 0105<br>Tel.: 012 362 1390; Faks.: 086 559 7255<br>Sel.: 082 923 2413 | **Administrateur:** iRetire Employee Benefits; Geregistreede Finansiële Diensteverskaffer; FSP Nommer: 43176; Sleutel-persoon: CJ Potgieter;<br>Tel.: 012 941 9927 |
| **Beleggings bestuur:** Sasfin Asset Managers, onder toesig van die onafhaklike beleggings komitee van iRetire Pensioenfonds.<br>**Lede van die beleggings komitee**: Professor Leon Brummer (Voorsitter); Professor Hugo Lamprechts; Dr Ian Strydom | |

Is daar 'n onderwerp wat u graag wil insluit?

Laat weet gerus vir Crystal by crystalr@iretire.co.za, dan hanteer ons dit in die volgende uitgawe.